

Gasrede deur Prof H Russel Botman, rektor van die Universiteit Stellenbosch, by die 13de jaarlikse Simposium van die Letterkunde Ondersteuningskomitee (LOK) op 20 Februarie 2010 aan die Universiteit van die Wes-Kaap

---

## **Hoop en Afrikaans: Die rol van die onderwys in die bemagtiging van jongmense**

*Klim yt die klippe yt  
óp, pèllie,  
Klim yt die klippe yt  
óp*

- ’n Aanhaling uit ’n gedig van Adam Small, “Die bulldozers, hulle’t gakom”, oorspronklik gepubliseer in sy bundel, “Oos wes tuis bes Distrik Ses”, 1973, en ook opgeneem in die Gr. 12 voorgeskrewe werk, “Versjoernaal: Nuwe benadering tot poësie”, 2008

Dankie voorsitter.

Goeie more, almal. Dis fantasties om so baie leerkragte hier te sien – op ’n naweek nogal! Ons kinders se toekoms is duidelik in toegewyde hande.

Ek verneem die deelnemers aan hierdie simposium kom uit al die uithoeke van ons provinsie, en hier is ook gaste van so ver af as die Noord-Kaap, die Oos-Kaap en Gauteng. Dít wys passie. Namens die organiseerders – weereens welkom hier.

Voorsitter, dankie vir die geleentheid om ’n paar gedagtes met u te kan wissel. Onderwys en die letterkunde lê my na aan die hart, so dis goed om vandag hier te wees. Dankie ook aan ons gasheer, die Universiteit van die Wes-Kaap.

Dis lekker om weer ’n slag by my alma mater in te loer. Ek het goeie herinneringe van my tyd hier as student, en later dosent en dekaan. Maar, soos u weet is ek die afgelope dekade by die Universiteit Stellenbosch betrokke – ’n rol wat ek besonder vervullend vind. Dis opwindend om een van ons land se voorste navorsingsuniversiteite meer relevant vir meer mense te help maak. Ons wil nie net akademiese uitmuntendheid nastreef nie, maar ook van bekenis wees waar daar nood is.

Die Letterkunde Ondersteuningskomitee (LOK) en sy jaarlikse simposium – wat vandag vir die 13de keer plaasvind – is ’n sprekende voorbeeld van die samewerking wat benodig word om die uitdagings van onderwys in Suid-Afrika die hoof te bied. Dié uitdagings is gróóť – dit weet u maar al te goed. My boodskap vandag is dat daar hoop is – hoop vir die onderwys, hoop vir Afrikaans en sy letterkunde, maar bowenal hoop vir diegene wat veronderstel is om voordeel te trek uit alles wat ons doen, naamlik die mense van ons land.

Kom ek vertel gou ’n storie om my stelling te staaf. Eendag was daar ’n leerder wat bitter graag ná skool universiteit toe wou gaan. Sy ma was ’n alleenouer wat maar swaar getrek het om hom

en sy twee sussies groot te maak. Hy wou help. Maar waar sou die geld vandaan kom om te gaan studeer?

Gelukkig was daar 'n paar goed wat in sy guns getel het – talent, toewyding en die ondersteuning van sy gesin en onderwysers. Dít het hom laat uitblink, en in staat gestel om 'n beurs los te slaan. Daarmee is hy universiteit toe, waar hy 'n BA en 'n honneursgraad verwerf het, en vandag staan hy in sy droomberoep – die joernalistiek.

Dis 'n ware verhaal dié. Die jong man van wie ek praat is Colin Hendricks van Wellington. Hy was in 2005 'n matriekleerder aan Weltevrede Sekondêr toe hy Woorde Open Wêreld (WOW) se eerste beurshouer geword het. Baie van u ken die WOW-projek. Dis 'n gemeenskapsinteraksie-inisiatief van die Universiteit Stellenbosch se Woordfees, wat onder aanvoering van prof. Dorothea van Zyl van ons Departement Afrikaans en Nederlands staan.

Colin het in 2006 by ons begin klasdraf, en verlede jaar afgestudeer. Nou skryf hy vir Rapport. Sy verhaal is bemoedigend – nie soseer omdat dit 'n pluimpie vir Afrikaans is nie, maar oor wat die taal vir hóm gedoen het. Danksy Afrikaans was daar vir hom hoop. En daar is baie mense soos Colin in Suid-Afrika – Afrikaanssprekendes wat deur die taal toegang tot geleentede kry om hul lewens en dié van andere te verbeter.

Waarop ek wil klem lê, is dat Colin se onderwysers 'n sleutelrol in sy vorming gespeel het. Dit was hulle wat sy liefde vir die letterkunde aangewakker het. En dit was hulle wat sy taalvermoë en skryfvaardighede opgeskerp het. So, wat u as vakadviseurs en onderwysers in die klaskamer doen, is baie belangrik. U kan hoop skeep waar daar wanhoop is.

Nou goed, Colin het Afrikaans as vak geneem met die oog op 'n beroep waarin hy Afrikaans kon gebruik, maar daar is uiteraard baie kinders wat rigtings wil inslaan wat op die oog af niks met die taal sodanig te make het nie, byvoorbeeld die natuurwetenskappe. Nietemin is wat u in letterkunde en taalkunde met hulle doen ook van belang.

U sal weet daar bestaan 'n verband tussen taalvaardigheid en denkvermoë. Navorsing dui daarop dat moedertaalonderrig kinders help om abstrakte konsepte in byvoorbeeld wiskunde beter te snap. Wat veral belangrik is, is die uitgebreide woordeskat wat lees jou gee. Dit is hoekom pogings om 'n leeskuil te vestig so deurslaggewend is. Dit kan help om prestasie op skool in alle vakke te verbeter, en dít is dringend nodig, gegewe die onbevredigende matriekuitslae verlede jaar.

Nog iets waarmee behoorlike taalonderrig help, is kritiese denke. Teksontleding in die klaskamer – 'n gesprek oor 'n gedig of 'n koerantberig – gee leerders insig in die lewe en kan hulle aanspoor om van die wêreld 'n beter plek te maak.

Ek het vroeër van samewerking gepraat. Daar is uiteraard 'n verband tussen skool en universiteit. U help leerders voorberei op tersiêre studies; ons begelei hulle verder. 'n Hoërskoolleerder sê nou die dag vir Fiona van Kerwel, die bestuurder van ons WOW-projek, sy lees in die koerante oor die stryd rondom Afrikaans op Stellenbosch. Dit laat haar wonder – gaan sy in die toekoms nog in Afrikaans by ons kan kom swot?

As u ook gewonder het, die antwoord is onomwonde, “Ja”. Die Universiteit Stellenbosch is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ’n meertalige konteks. Al ons landstale is bates wat ons samelewing se menslike potensiaal kan help ontsluit.

Dis hoekom Stellenbosch se universiteitsraad verlede jaar besluit het om ’n vaste plek vir Afrikaans te waarborg. Ten minste 60% van ons voorgraadse onderrig aanbod die afsienbare toekoms – tot 2013 – sal in Afrikaans wees.

As Afrikaans ons erns is, hoekom laat ons 40% Engels toe? Twee redes – om ons universiteit meer toeganklik vir almal te maak; en omdat niemand en niks behalwe ’n volstruis kop in die sand kan leef nie. Engels is ’n belangrike wêreldtaal, so ons ag dit wys om ons Afrikaanssprekende studente ruim blootstelling daaraan te gee.

Parallelmedium-onderrig – dit wil sê afsonderlike bane vir Afrikaans en Engels – word nou in van ons fakulteite ingefaseer. Ingenieurswese doen dit reeds, en vanjaar volg ekonomiese en bestuurswetenskappe, natuurwetenskappe en agri-wetenskappe. Lettere en sosiale wetenskappe kan volgende jaar aan die beurt kom.

Op dié manier verseker ons dat Stellenbosch toenemend ’n plek is waar die diversiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël word. Ons wil ’n plek wees waar ’n student voorgraads kan kwalifiseer in die onderrigtaal van sy of haar keuse, hetsy Afrikaans of Engels.

Stellenbosch bly dus ’n plek waar die Afrikaanssprekende student met ope arms verwelkom word, en die feit dat ons goeie beurse en geldelike hulp mobiliseer, beteken ons bied ’n uitkoms aan behoeftiges.

Dit is belangrik, want die Universiteit Stellenbosch steun die internasionale ontwikkelingsagenda. Ons wil armoede help bekamp, menswaardigheid handhaaf, vrede en voedselsekurniteit bevorder, demokrasie uitbou en help toesien dat die omgewing op volhoubare manier benut word – kortom, ons wil ’n sentrum van hoop vir Suid-Afrika en die res van ons vasteland wees.

Taal is vir ons ’n strategiese fokusarea, want ons beskou dit as een van die maniere waarop mense bemagtig kan word. Die universiteit se taalbeleid en taalsentrum word ingespan om te verseker dat ons studente behoorlik toegerus word om eendag ’n opbouende bydrae tot die samelewing te lewer.

Terloops, in die lig van die konteks van meertaligheid in die land en ons provinsie, wy die Universiteit Stellenbosch ook aandag en hulpbronne aan die ontwikkeling van Xhosa as akademiese taal.

Maar ek wil terugkeer na wat u in die klaskamer doen. Letterkunde is veel meer as mooi stories – dis ’n agent van transformasie. Die Afrikaanse letterkunde het nog altyd broodnodige verandering in ons land help bewerkstellig. Dink maar aan die kopskuif wat NP van Wyk Louw al in die

1930s begin teweegbring het, en dan was daar DJ Opperman en Jan Rabie, Peter Snyders en Breyten Breytenbach, Antjie Krog en Adam Small.

Hul skryfwerk is steeds relevant vandag, en ons kinders moet hoor wat hulle te sê het. So, byvoorbeeld, is die volgende woorde van Small vandag nog net so kragtig as toe hy hulle in 1973 oor die vernietiging van Distrik Ses geskryf het:

*Klim yt die klippe yt  
óp, pèllie,  
Klim yt die klippe yt  
óp*

Maar daar is ook 'n nuwe geslag skrywers wat tot jongmense spreek. Hedendaagse stemme soos Ronelda Kamfer en Jacquie Nagtegaal word as *cool* ervaar. Hulle roer sake aan wat vir ons kinders belangrik is – in hul taal, op hul manier. Bendegeweld, dwelmmisbruik, tienerswangerskap, spanning tussen ouers en kinders, *gender* kwessies... noem maar op. Letterkunde wat hiermee worstel, word deur jongmense as outentiek – of *real* – ervaar.

Nog 'n aspek van bemagtiging waarmee u as vakkundiges en onderwysers kan help, is om jongmense skeppend met die taal te laat omgaan. Die groot geeste in die Afrikaanse letterkunde sal altyd belangrik bly, maar ons het ook nuwe Rabies en Breytenbachs nodig. Dis u rol as onderwysers om u leerders aan te moedig om hul kreatiwiteit vrye teuels te gee en uit te leef. Dit bly maar waar dat hoe meer 'n taal gepraat en geskryf word, hoe meer lewenskragtig is hy.

En hoe beter dit met Afrikaans op sekondêre vlak gaan, hoe beter die kans dat skole as voedingsbron van Afrikaanssprekende studente vir die Universiteit Stellenbosch kan dien.

Hier moet ek iets so oor 'n groot uitdaging wat ons almal in die gesig staar. Heeltemal te min leerders uit landelike gebiede maak dit tot op universiteit. Die syfers is skrikwekkend laag. Veral Afrikaanse onderwysers in landelike gebiede kan ons help om dié situasie te verbeter deur hul leerders aan te moedig om universiteit toe te gaan. En die Universiteit Stellenbosch moet deur hulle sterk oorweeg word as voorkeur-bestemming vir hul leerders.

Ek sluit af met 'n aanhaling uit 'n gedig van Diana Ferrus uit haar bundel, *Komvandaan*:

*Kom ons praat weer Afrikaans!  
Kom ons gee die tong van ons  
'n kans  
om weer te dans [...]*

Want, skryf sy:

*om hierdie taal te weeg  
teenoor die onregte gepleeg  
maak nie sin  
want net sommige het die taal gebruik vir eie gewin.*

*Ander het die taal met moedersmelk ingekry,  
het hulle bevrydingstryd in hierdie taal gestry!*

Ek dank u.

-oOo-